

Volheid van lewe en water vloei saam

Sonder water kan niks en niemand (oor)lewe nie. Dit is 'n lewensgegewe. Daarom die woordkeuse in die titel oor die onafskeidbaarheid van lewensvolheid en water.

Water is egter nie net 'n bron van lewe nie. Dood kan terselfdertyd daarin verskuil lê. Dit is die situasie waarin ons ons vandag wêreldwyd bevind.

Hierdie situasie wil ek in die frase "om stroom-af te lewe" vasvang. Dit beklemtoon ons afhanklikheid van water, sowel as ons verantwoordelikheid daarteenoor.

Waterskaarste, besoedeling en onvoldoende sanitasie, maak die vanselfsprekende betekenis en beskikbaarheid van water as bron van lewe onvanselfsprekend.

Water is nie net in die alledaagse lewe baie belangrik nie. Nee, in feitlik alle godsdienste van die wêreld is dit belangrik, veral op grond van die simboliese betekenis daarvan ook in die Christelike geloof.

Die vraag is: Watter teologiese implikasies hou dit vir ons in wanneer ons as Christene enersyds God as Skepper en Gewer van lewe bely, en hierdie lewe andersyds deur allerlei menslike bedrywighede (industrialisasie), of 'n gebrek daaraan (ontbrekende sanitasie), bedreig word? Kortom is dit die vraag na die eksistensiële-teologiese betekenis van water.

Anders gestel is dit die vraag na lewensvolheid, soos deur water bepaal.

Om dié vraag te antwoord, gaan op die wêreldwye eietydse toespitsing op die belangrikheid van water gewys word, op die geloofsbeklemtoning daarvan, en wat dit beteken om stroom-af te lewe.

Water is lewe en dood

Water is lewe, sê Christiana Peppard in haar studie *Just Water: Theology, Ethics, and the Global Water Crisis* (2014) oor varswater en Rooms-Katolieke sosiale denke. Sy noem water die "lifeblood for ecological systems and embodied



Daniël P Veldsman is professor in *Sistematiese Teologie* aan die *Universiteit Pretoria*.

creatures" en die "vital matrix of creation".

Water is noodsaaklik en uniek. Waar skoon water ontbreek of skaars is, hou dit 'n bedreiging of dood vir alle lewe in.

Ten spyte van ernstige pogings wêreldwyd om veilige drinkwater vir meer mense te verseker, is daar vandag nog ongeveer een miljard mense wat nie toegang daartoe het nie.

Terselfdertyd het ongeveer 2,6 miljard mense nie toegang tot voldoende sanitasie nie.

Wêreldwyd is daar 'n direkte korrelasie tussen toegang tot veilige drinkwater en mense se ekonomiese status en vermoëns. Water speel op allerlei wyses 'n beduidende rol in die wêreld ekonomie. Ongeveer 70 persent van die varswater wat die mens verbruik, is in die landbousektor.

Daar word beweer dat teen 2025 méér as die helfte van die wêreld se bevolking waarskynlik watergebrek in die gesig gaan staar.

Sáám met dié dreigende watergebrek, kom die verskriklike toedrag van sake dat waterbesoedeling en gebrek aan sanitasie jaarliks amper twee miljoen kinders se dood veroorsaak. Op hierdie wyse word die huidige patroon van armoede wêreldwyd voorgesit en versterk.

In 2030 sal in enkele ontwikkelende streke die aanvraag na water die aanbod met 50 persent oorskry. Dit maak dus sonder teenspraak van water die belangrikste natuurlike bron waarna die mens met groot verant-

woordelikheid sal moet omsien.

Ook in Suid-Afrika as waterarm land sal die aanvraag na water die aanbod teen 2025 oorskry.

Die aanbod van water word onder-tussen egter verder onder enorme druk geplaas deur die vraag na die kwaliteit daarvan (vars, drinkbare water). Dit is as gevolg van die toename in besoedeling en die vernietiging van opvangsgebiede (deur verstedeliking, opdam van riviere en vernietiging van vleilande, om slegs 'n paar te noem).

Volgens Marius Claassen (akwatiese ekoloog van die WNNR) is die groot probleem ons ou en onbetroubare infrastruktuur. Met agt persent van die land wat 50 persent van die water voorsien, sal ons intelligent en strategies na ons waterprobleem moet kyk. Dié "kyk" sal multidisiplinêr en holisties moet wees.

Reeds in 2009 het die Suid-Afrikaanse sistematiese teoloog, Steve De Gruchy (wat enkele jare daarná tragies gesterf het), in sy voordrag "Water and Spirit" treffend gewys op die dubbele gevaar wat water inhou, nie net vanweë skaarste nie, maar ook vanweë siektes soos cholera wat dit kan oordra. Daarom moet ons weer oor water en spiritualiteit ("gees") besin, want water het nou 'n betekenis gekry wat dit nie vroeër gehad het nie: dood.

Water is in alle godsdienste van die wêreld van sentrale belang. By almal is dit 'n geestelike simbool van lewe sowel as dood. Godsdienstig gesproke word water byvoorbeeld met reiniging en geestelike krag geïdentifiseer. In die beskrywing "stroom-af lewe" word die konkrete en die geestelike belang van water saamgevoeg.

Om stroom-af te lewe

Die verantwoordelikheid vir varswater en sanitasie is nie alleen regerings en munisipaliteite s'n nie. Hierdie krisis plaas die ganse aarde en menslike voortbestaan op die spel. Teologiese nadenke in die 21ste eeu moet van dié krisis 'n gespesialiseerde gespreksgenoot word, veral by die

interdisiplinêre diskoers hieroor

Wat en waar sou 'n sinvolle, werklikheidsbetrokke teologiese invalshoek tot hierdie uiters dringende gesprek wees?

De Gruchy help ons. Hy sê ons moet ekonomiese en ekologiese werklikhede saambedink en in ons teologiese modelle integreer. Hy noem sy teologies-integrerende visie die *Jordaan-perspektief*. Daarin word verantwoordelikheid vir die mens en die aarde sáám met die ekonomie en ekologie gehandhaaf. Dit gee konkrete inhoud aan die vroeëre Entebbe-verklaring (2007) in Uganda waarin gestel word:

"As churches and faith-based organisations, we affirm water as the cradle and source of life, an expression of God's grace in perpetuity for the whole of creation. We are called to exercise responsible stewardship for this unique trust, and to preserve and share it for the benefit of humanity and all creation.

Further we share the following convictions that access to water is a fundamental human right, that the protection and control of water resources is a central public responsibility, and that water must not be treated as a commodity, but as an essential social good for the present and future generations. We recognise water as a sacred gift of God."

Hoe verwoord ons interdisiplinêr en holisties hierdie "sacred gift of God"?

God as gewer van lewe het in die 21 ste eeu vanuit hermeneuties-kontekstuele insigte by wyse van spreke 'n halwe waarheid geword. Sonder water, is daardie lewe net nie meer moontlik nie.

Die fontein wat volgens Nuwe Testamentiese-perspektiewe (vgl Jak 3:11-12) nie uit dieselfde oog vars- en brakwater laat opborrel nie, het inderdaad by wyse van metaforiese spreke die sosiaal-ekonomiese en politieke fontein van lewe (vars) en dood (brak) geword. Water se uniekheid en beskikbaarheid het by uitnemendheid die antropologiese dimensies van menswaardigheid, sosiale geregtigheid en die integriteit van die skepping opnuut as menslike

verantwoordelikheid na vore gebring. Daarom sal ons vandag die aangrypende teks van Matteus 25:35 "Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink" ánders, nuut en met sosiaal-etiese en kontekstuele oë lees.

Water vir almal

Lewe as gawe van God soos deur Christene bely, en die noodsaaklikheid van water om juis hierdie lewe tot sy reg te laat kom, maak van die beskikbaarheid en toegang tot varswater 'n menslike reg.

Water is beslis nie deel van ons lewe net om deur 'n paar bevoorregte lande, regerings, of instansies misbruik of uitgebuit te word nie. Daarom sal grootskaalse kommodifisering van water vanuit Christelike sosiaal-etiese oorwegings teengestaan moet word.

Dit beteken eenvoudig dat diegene wat dit die minste kan bekostig (armes), nie uitgebuit mag word om ten duurste daarvoor te moet betaal nie.

Dit geld ook vir industrialisering wat nie ongestoord toegelaat kan word sonder dat die omgewingsimplikasies

tot varswater as 'n reg, voldoende sanitasie en die spesifieke voorkoming van moontlike siektetoestande, óók 'n onvermydelike vereiste vir die handhawing van menswaardigheid.

Kortweg, in die lig van die voorafgaande: Die dors na God, die dors na water, die gee van iets om te drink en sanitasie moet kontekstueel-eksistensiële sáám gelees en bedink word. Dit begin by die lewensbelangrike implikasies van die stelling "Ons lewe stroom-af" (Tara Lohan).

Net een stroom water

Deur evolusie het alle lewe uit water ontstaan. Daar is net een stroom water. Net een!

Van hierdie een stroom is alle lewe afhanklik. Dit bepaal die volheid van lewe. In hierdie opsig lewe ons almal saam stroom-af. Alle lewe is "stroom-af-lewe".

Water vloei deur ons menslike liggame. Dieselfde water vloei deur die diere, insekte en plante van die aarde. Dit vloei deur ons riviere. Dit verdamp die lug in, word wolke, kondenseer en voed deur reënwater alle lewe.

Dieselfde water vloei ook deur ons netwerke van sanitasie. Daar is geen lewe buite-om hierdie watersiklus moontlik nie.

Net so is teologiese nadenke 'n getuie en (uit)draer van die geestelike stroom van godsdienstigheid. Daar-

sonder kan die mensdom nie sy volle betekenis ontgin of sy waarde van menswees voor God ontsluit nie.

Vanuit hierdie perspektief gesien, moet ons wat dus stroom-af lewe, bewustelik stroom-op dink. Só sal die invloedryke markmeganismes van ekonomiese sisteme en politieke magsbelange wat mense wil uitbuit en van hulle menswaardigheid ontnem, blywend krities ontmasker word.

Ons moet stroom-op dink ter wille van die Een wat ons as die Gewer van alle lewe bely, en ter wille van die weerloses en magteloses wat nie toegang tot varswater ontnem mag word nie.

Op hierdie metaforiese-kontekstuele wyse vloei die dors na God, die toegang tot varswater, na voldoende sanitasie en geregtigheid, alles ineen. Waar dit 'n werklikheid gemaak word, is dit soos lenteren wat die grond verkwik (vgl Hosea 6:3) en volle lewe laat voortspruit en onderhou.

Deur evolusie het alle lewe uit water ontstaan. Daar is net een stroom water. Net een!

daarvan noukeurig nagegaan word nie. Die moontlike besoedeling van omgewingswater mag nie toegelaat word nie.

Bowen al moet die menslike omgewing sowel as alle ander lewende wesens (flora en fauna) hulle regmatige ekosistemiese plek behou, sonder grootskaalse verstourings. Op hierdie wyse sal menslike voortbestaan nie ten koste van hulle leefomgewings bevorder word nie. In geloofsterme gestel: Die boek van die natuur – naas die boek van die skriftuur soos in die belydenisskrifte gestel – moet opnuut weer sy regmatige skeppingsplek inneem en sy stem laat hoor.

Terselfdertyd moet die mens sy opdrag tot versorging van en omgee vir die skepping as verantwoordelikheid holisties ernstig neem. Dit wil sê, die integrering en verdiskontering van alle moontlike sosiaal-ekonomiese, politieke en teologiese dimensies is kardinaal. Op hierdie wyse is benewens toegang